

Laerskool Stellenbosch

Sportbeleid

1. ONTSTAAN VAN BELEID

'n Vraelys oor sportaangeleenthede is in 2002 aan alle ouers van Laerskool Stellenbosch uitgestuur. Die eerste sportbeleid is na aanleiding van die terugvoer wat ons van die ouers gekry het saamgestel. Die beheerliggaam en sportkomitee het in 2007 weer formeel insette van ouers gevra en die sportbeleid verfyn. Die huidige sportbeleid dien as maatstaf waarvolgens afrigters, spelers, ouers en toeskouers moet optree.

2. DOELSTELLINGS

- Om aan elke leerder die geleentheid te gee om aan sport deel te neem.
- Om fasiliteite voortdurend te verbeter.
- Om 'n wye verskeidenheid van sporte aan te bied.
- Die bevordering van sportmanskap op en van die veld.
- Die bevordering van massadeelname.
- Kompeterende deelname.

3. VISIE: MASSADEELNAME én PRESTASIE

Die mikpunt van Laerskool Stellenbosch is om aan elke leerder in die skool die geleentheid te gee om in spanverband te kan deelneem. Massadeelname moet egter nooit as plaasvervanger vir prestasie beskou word nie. Daarom is dit belangrik dat massadeelname uiteindelik sal lei tot prestasie op alle vlakke. Sportprestasie dien steeds as bemarkingsinstrument van Laerskool Stellenbosch.

4. OUDERDOMSGROEPE

Leerders sal aan ouderdomsgroepe deelneem soos deur die sportliggame waarby die skool geaffilieer is, voorgeskryf word.

5. ONKOSTES VAN AFRIGTING

Sportafrigting by Laerskool Stellenbosch word gratis aangebied. Aan ekstra afrigting, buite die amptelike skoolrooster, mag kostes verbonde wees. Kostes sal onderling tussen ouers en

afrigters bepaal word. Die Beheerliggaam het 'n vasgestelde kategorie-indeling waarvolgens afrigters vergoed word vir die aantal tyd aan afrigting spandeer. Die skool sal so ver moontlik poog om van eie onderwysers gebruik te maak. Daar sal ten minste een onderwyser per span aangewys word om algemene reëlins te hanteer.

6. BEURSE

Die skool bied nie beurse aan vir leerders buite die skool nie. Beurse sal wel aangewend word om die sportprestasies van ons eie leerders te beloon. Indien geld beskikbaar is, sal daar na behoeftige sportpresteerders omgesien kan word. Die toekenning van beurse moet deur die Beheerliggaam bekragtig word.

7. BORGE

Borge wat genader word, moet deur die skoolhoof en sportorganiseerder gekeur en gekoördineer word.

8. PROEF- EN VERTEENWOORDIGENDE WEDSTRYDE/OEFENINGE

Proef- en verteenwoordigende wedstryde/oefeninge kry voorkeur bo amptelike ligawedstryde. Daar sal sover moontlik van ouers verwag word om leerders by proef- en verteenwoordigende wedstryde/oefeninge te besorg. Leerders wat aan proewe deelneem, sal deur die afrigter genomineer word.

9. TOERE

Daar sal gepoog word om jaarliks toere met die senior leerders van die skool te onderneem. Toere moet as 'n advertensie vir Laerskool Stellenbosch dien. Die hoofdoel van die toere is genot en blootstelling, alhoewel kompetisie nooit uit die oog verloor moet word nie. Teenstanders sal gekies word volgens eie potensiaal. Daar sal gepoog word om elke jaar met die 0/12A-, 0/13A- en 0/13B-netbalspanne, die 0/13A (met 0/12- & 0/13-spelers) rugbyspan en die 0/13 hokkie te toer met dien verstande dat die getal nie 60 oorskry nie om goeie beheer te verseker. Die Beheerliggaam sal jaarliks 'n gedeelte van die toer befonds. Toere sal ook van opvoedkundige waarde wees. Daar sal gepoog word om die senior leerders wat nie saam toer nie, tydens die toertermyn op opvoedkundige en genotvolle uitstappies plaaslik te neem.

10. SPORTOEFENINGE

10.1 Spelers

- Wees funksioneel geklee.
- Wees gereed teen die tyd dat die oefening begin.
- Verskonings vir afwesigheid moet voor die aanvang van die oefening deur die spelers self by die betrokke afrigter gemaak word.
- Die afrigter moet te alle tye gerespekteer word.

10.2 Afrigters

- Wees goed voorbereid vir elke oefening.
- Wees betyds vir elke oefening. Wees dus 'n paar minute voor die aanvang van die oefening reeds by die baan/veld.
- Spelers is die afrigters se verantwoordelikheid vir die duur van die oefening en moet dus nie voor die tyd verskoon word nie.
- Wees geklee in sportdrag.
- Kontrole oor die bywoning van oefeninge moet gedoen word.
- Die betrokke sportsoort se organiseerder moet toesien dat buite-afrigters/studente korrek geklee is.
- Daar word van die afrigter verwag om spelers die nodige vaardighede vir die betrokke spel asook die toepaslike etiket te leer.
- Goeie sportmanskap moet deur die afrigter aangemoedig word.
- Die afrigter kan self besluit oor die wyse waarop 'n kaptein verkies word.
- Afrigters moet opgeskerp bly rakende nuwe reëls.
- Alle leerders sal georganiseer onder die toesig van die afrigter oefen.
- Alle leerders wat die oefening bywoon, sal dieselfde afrigting ontvang.
- Ons sal sover moontlik gelyke geleenthede gee vir alle leerders wat oefen, indien die getal voldoende is.
- Die afrigter moet 'n liefde vir die spel by die leerders kweek.
- Oefeninge mag slegs deur die sportorganiseerder of vanuit die kantoor weens reën afgestel word.

11. WINTERSPORTDAE

Alle kinders wat oefen sal by sulke dae betrek word, afhangende van beskikbare spanne van die gasheer-skool.

12. WEDSTRYDE

- Daar sal moeite gedoen word om vir alle spelers, ongeag in watter span hul speel, genoeg wedstryde te reël.
- Laer spanne (bv. ons C-spanne) kan teen hoër spanne (bv. B-spanne) van skole speel indien hulle nie genoeg spanne het nie.
- Spelers moet 'n halfuur voor die aanvang van 'n wedstryd by die betrokke afrigter aanmeld.
- Spelers moet korrek geklee wees vir die betrokke sportsoort. Spelers wat nie korrek geklee is nie, sal nie toegelaat word om aan wedstryde deel te neem nie.
- Rugbytruie en krikethemde moet binne twee dae na afloop van die wedstryd aan die afrigter terugbesorg word.
- Groet en bedank die skeidsregter en die opponente beleef.

- As 'n spanmaat verbrou, moedig eerder aan as om aanmerkings te maak.
- Bly as 'n span bymekaar voor wedstryde.
- Geen horlosies of juwele is toelaatbaar nie.
- Spelers moet help om op te ruim na afloop van tuiswedstryde.
- Afskeurstrookies moet binne die gegewe tydsbestek terugbesorg word.
- Normale skoolreëls geld tydens busvervoer en sportdae.
- Geen kougom word toegelaat nie.

13. TOERUSTING

- Hanteer toerusting met respek.
- Afrigters moet verseker dat dieselfde hoeveelheid toerusting wat getrek is, na die oefening/wedstryd terugbesorg word.
- Leerders sal aanspreeklik gehou word vir die beskadiging van toerusting indien dit vir 'n ander doel gebruik word as waarvoor dit vervaardig is.

14. KAPTEINE

- Ontvang die opponente met tuiswedstryde en doen die loting.
- Kapteine moet seker maak dat spanmaats korrek geklee is.
- Die kaptein moet toesien dat apparaat na afloop van tuiswedstryde weggepak word.
- Die kaptein tree as segsman met die skeidsregter namens sy span op.

15. OUERS

- Ouers se ondersteuning en motivering word hoog op prys gestel.
- Daar word van ouers verwag dat hulle sal toesien dat leerders oefeninge getrou sal bywoon.
- Ouers moet ook toesien dat spelers 'n halfuur voor die aanvang van die wedstryd by die betrokke afrigter aanmeld.
- Ouers moet verseker dat die leerder verskoning by die afrigter maak indien hy/sy nie 'n oefening kan bywoon nie.
- Positiewe opmerkings langs die sportveld word baie waardeer deur spelers.
- Ouers moet te alle tye ambassadeurs van die skool wees. Kritiek moet dus opbouend van aard wees.
- Geen ouer mag inmeng met die spankeuses nie.

16. SPANKEUSES

- Die A-span sal gekies word uit die beste spelers.
- Spelers sal slegs geroteer word, indien daar nie genoeg vir nog 'n span is nie.
- Reserwes sal slegs speel indien 'n speler seerkry of nie opdaag nie.
- Die afrigter sal die reëlings met die spelers tref.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF